

Les 13 DIE SONDAAR SE PERSOONLIKE INTIEME VERHOUDING MET GOD: GOD IS DIE MENS SE BONDGENOOT IN SY SONDE

1. Afgodsdienis is die mens se alternatief op God se verbond

Hoe is dit om alternatief te wees?

Dit is om sommer net moedswilliglik anders te wees. Dis soos 'n seun wat 'n oorbel dra, of 'n meisie wat 'n tatoeëermerk dra – net tot hulle ouers dit aanvaar. Dan doen hulle weer iets anders om hulle te irriteer.

Alternatief is om nie liefde te wil hê nie. Dis soos kinders wat nie wil hê dat hulle ouers hulle optrede móét goedkeur nie. Hulle wil gráág glo dat hulle ouers hulle nie aanvaar nie. Hulle wil hê hulle ouers moet hulle gedrag afkeur. Dit gee hulle 'n rede om nie na hulle ouers hoef te luister nie, want: “niemand wil ons aanvaar soos ons is nie” en “niemand het ons tog lief nie”.

Alternatief is om ander vas te bind aan jou losbandigheid.

Alternatief is – jy wil vry wees om te doen wat jy wil, maar ander is nie vry om te doen wat hulle wil doen nie. Hulle is gebind om te doen wat jy wil hê. Kinders wil byvoorbeeld kom en gaan soos hulle wil, maar daar móét elke oggend en aand etes gereed wees. Daar móét geld wees. Daar móét klere wees.

Alternatief beteken ouers is nie vry om te besluit hulle is nie lus om hiervoor te sorg nie – net die kinders is vry om te doen wat hulle wil.

Wanneer ouers hulle só deur hulle kinders se losbandigheid laat vasbind, dan voel party kinders hulle het 'n “lekker” verhouding met hulle ouers.

Mense wil met God ook só 'n alternatiewe verhouding hê: God moet sorg dat alles daar moet wees, terwyl hulle doen wat hulle wil. Dit is die “lekker” verhouding wat party mense graag met God wil hê.

God het twee verbonde waarmee Hy mense aan Hom vasbind: die genadeverbond vir sy kinders, en die wetsverbond vir ongelowiges. Die Bybel leer ons egter ook van hierdie “lekker” verhouding met God. Dit is nie een van God se twee verbonde nie, nie die wets- óf die genadeverbond nie.

Dit is sondaars se alternatief op God se verbonde. Dit is die band waarmee sondaars probeer om God aan hulle losbandigheid vas te bind.

Daarom word hierdie band ook nie in die Bybel 'n verbond genoem nie. Dit bind niks tussen God en mens vas nie. Dit is sommer net 'n band binne-in die verbeelding van sondaars – terwyl hulle losbandig wil wees.

Die woord wat die Bybel die meeste vir hierdie lekker verhouding met God gebruik, is **afgodsdiens**.

2. Aäron en die volk Israel kies vir 'n lekker verhouding met God

Kom ons kyk hoe hierdie lekker verhouding met God werk! In Exodus 32 kies die volk van die Here vir 'n lekker verhouding in die plek van die verbond van die Here.

“Toe die volk sien dat Moses talm en nie van die berg af kom nie, het hulle om Aäron saamgedrom en vir hom gesê: “Kom maak vir ons 'n god dat hy ons kan lei. Hierdie man Moses het nou wel vir ons uit Egipte laat wegtrek, maar ons weet nie wat van Hom geword het nie.”² Aäron het hulle geantwoord: “Haal die goue oorringe van julle vrouens, julle seuns en julle dogters se ore af en bring dit hier vir my.”³ Die hele volk het toe die goue ringe van hulle ore afgehaal en dit vir Aäron gebring.⁴ Hy het dit van hulle ontvang, dit verwerk en daarvan 'n beeld in die vorm van 'n bulkalf gemaak. Toe sê die volk: “Hier is jou God wat jou uit Egipte bevry het Israel!”⁵ Toe Aäron dit hoor, het hy 'n altaar voor die beeld gebou en uitgeroep: “Môre is daar 'n fees vir die Here!”⁶ Vroeg die volgende môre het die volk brandoffers en maaltydoffers geoffer. Daarna het die volk begin feesvier en losbandig te kere gegaan.⁷ Toe sê die Here vir Moses: “Klim van die berg af, want jou volk wat jy uit Egipte laat wegtrek het, het iets vreesliks gedoen.”⁸ Hulle het goue die pad verlaat wat Ek vir hulle aangewys het en hulle het vir hulle 'n beeld van 'n bulkalf gemaak. Nou aanbid hulle hom en hulle bring vir hom offers en sê: “Hier is jou God wat jou uit Egipte bevry het Israel!”⁹ Verder het die Here vir Moses gesê: “Ek het gesien dat dit 'n opstandige volk is hierdie.”¹⁰ Moet my nie probeer keer nie. Ek is toornig op my volk en Ek wil hulle vernietig. Vir jou sal Ek dan tot 'n groot nasie maak.”¹¹ Maar Moses het by die Here God gepleit en gesê: “Here, waarom is U toornig op u volk vir wie U deur u groot mag en met kragtige daad uit Egipte bevry het?”¹² Waarom moet die Egiptenaars kan sê: ‘Hy het die Israeliete bevry met die bose plan om hulle tussen die berge dood te maak en hulle heeltemal te vernietig.’? “Laat u toorn bedaar en wees u volk genadig.”¹³ Dink aan wat U met 'n eed beloof het aan u dienaars, aan Abraham, Isak en Israel toe U vir hulle gesê het: “Ek sal julle nageslag so baie maak soos die sterre aan die hemel. Die hele landstreek wat Ek belowe het, sal Ek vir julle nageslag gee om vir altyd in besit te neem.”

God het met Israel 'n verbond. Dit is die band tussen hulle en God. Moses beroep homself op hierdie verbond van die Here in vers 13, en verwerp die lekker verhouding met God. In vers 1 verwerp die volk en Aäron God se verbond en stem vir 'n lekker verhouding met God.

3. Hoe werk die lekker verhouding met God?

In hierdie gebeurtenis in Exodus 32 kry ons 'n paar riglyne van hoe die lekker verhouding met God werk.

3.1 Die lidmate van die kerk maak geestelike leiers vir wie hulle die eer gee wat net aan die Here toekom

Die Verbondsreeks Les13 Die sonder se persoonlike intieme verhouding met God: God is die mens se bondgenoot in sy sonde.

Kyk na vers 1! Wie sê die volk het hulle uit Egipte laat trek? Onthou dit was nie sommer net vir trek nie. Egipte was die sterkste land in die Midde-Ooste en die Israeliete was sommer net 'n klein klompie werkers. Dit is God wat die Egiptenare se politieke wil met tien plaas gebreek het. Hy het water in bloed verander. Hy het paddas, muggies, sprinkane en steekvlies gestuur. Hy het bek-en-klou-seer onder die diere, en swere op die mense laat kom. Hy het dit laat haal. Hy het dit donker in die land gemaak. Hy het die jong kinders laat doodgaan.

Die Here is die Skepper wat insekte, diere en mense regeer. Hy regeer oor, en deur, die natuurkragte. Hy is die Here wat genees en laat siek word. Hy is die Here wat lewe gee en laat doodgaan.

Wat doen die lidmate van die kerk?

Hulle sê Moses het al hierdie dinge laat gebeur! Só maak die lidmate van Moses iets wat hy nie was nie: 'n geestelike leier wat vir hulle die wonder van verlossing laat gebeur het. Die eer wat God toekom – gee hulle aan Moses.

3.2 Dit is lidmate se manier om hulle van God se verbond los te maak en aan die geestelike leiers van hulle keuse te verbind

Dink julle die lidmate het nie geweet wat hulle doen nie? Onthou, almal van hulle het hierdie wonderwerke en verlossing uit Egipte net 'n rukkie vantevore gesien en beleef.

Kon hulle in 'n paar maande so iets vergeet het? Hulle weet baie goed dit is God, en nie Moses nie, wat dit gedoen het!

Nou hoekom hou hulle hulleself dan so geestelik dom?

Dit is hulle manier om hulle van God se genadeverbond los te maak!

As hulle voorgee dat dit geestelike leiers is wat hierdie wonderdade doen, dan is hulle aan geestelike leiers gebind en nie meer aan God nie. Die geestelike leiers maak hulle van God los: "Kom maak vir ons 'n god dat hy ons kan lei."

Kyk die verskil tussen Moses en Aäron!

Al twee word voor die keuse gestel om die posisie van 'n geestelike leier oor die lidmate te aanvaar. In vers 1 stel die lidmate Aäron voor die keuse, en in vers 7 stel God Moses voor dieselfde keuse. God noem die lidmate Moses se "volk" en sê hy moet weggaan na die lidmate toe. As Moses dit sou gedoen het, het hy, net soos Aäron, die lidmate as sy volk gesien en homself as hulle geestelike leier.

Dit is die verskil: Aäron aanvaar die posisie wat die lidmate hom aanbied, Moses verwerp dit. Hy noem die lidmate God se volk en herinner die Here aan sy

Die Verbondsreeks Les13 Die sonder se persoonlike intieme verhouding met God: God is die mens se bondgenoot in sy sonde.

genadeverbond in verse 11 en 13. So word Aäron die leier van 'n lekker verhouding met God, maar Moses bly saam met die volk binne God se genadeverbond.

3.3 Die geestelike leiers wat lidmate aanstel, moet hulle losbandigheid soos godsdiens laat lyk

Die lidmate by die berg Sinaï wil losbandig wees.

Hulle weet baie goed waarheen Moses gegaan het. Kyk na Exodus 19 vers 25: *“Moses is toe af na die volk toe om alles vir hulle te gaan sê”*. En dit wat God toe vir hulle sê, is die Tien Gebooie in Exodus 20. Toe Moses weer opgaan berg toe, was dit op hulle versoek: *“¹⁹ Hulle sê toe vir Moses: “Praat jy liever met ons, en ons sal luister. Moet tog nie dat God met ons praat nie, want dan sal ons sterf”*.

Wat het nou skielik só verander dat hulle nou ewe skielik maak asof hulle nie weet wat van Moses geword het nie?

Tot en met die Tien Gebooie vir hulle bekend geword het, kon hulle alles wat met hulle gebeur, sien as 'n lekker verhouding met God: Hy is gebind om wonders te doen en vir hulle te sorg. Hulle kan doen wat hulle wil.

Nadat die Tien Gebooie gegee is, weet hulle God se genadeverbond bind hulle vas aan God en sy wil. Dit is wat nou ewe skielik verander het.

Hulle wil nie aan God en sy wil vasgebind wees nie. Nie deur sy wetsverbond, óf deur sy genadeverbond nie. Hulle wil los van Hom en sy wil wees, maar steeds verlos wees uit Egipte.

Na sy verkiesing deur die lidmate, was dit Aäron se plig om hierdie losbandigheid te organiseer as 'n lekker verhouding met God.

Hierdie lekker verhouding met God moet hulle losbandigheid soos godsdiens laat voel en lyk.

Dis hoe 'n lekker verhouding met God werk.

4. Aäron organiseer die lidmate se losbandigheid deur 'n uitbeelding van God

Die lidmate soek 'n uitbeelding van God.

Aäron maak vir hulle 'n uitbeelding van God. Nou het hulle 'n “kunskenner” wat vir hulle 'n uitbeelding van die Skepper maak. Hulle moes God sien en ontdek in sy wonders en krag waarmee Hy hulle verlos het. Hulle wil dit nie daarin raaksien nie. Hulle soek 'n prentjie van God self.

Die Verbondsreeks Les13 Die sondaar se persoonlike intieme verhouding met God: God is die mens se bondgenoot in sy sonde.

Vir Aäron en die lidmate was die bul van goud 'n uitbeelding van die krag van God. In hierdie beeld van 'n bul wou hulle God se krag raaksien – nie in sy verlossingdade nie.

Dit is wat die volk voorgee as hulle vir die bul sê: *“Hier is jou God wat jou uit Egipte bevry het, Israel!”* Hulle hou voor dat God glad nie so sigbaar was in sy beheer oor die natuur, diere, siektes, gesondheid, lewe en dood – in sy verlossing uit Egipte – as wat Hy nou sigbaar is in hierdie bul nie. Nou eers kan hulle God sien en eer as hulle hierdie bul sien.

5. Met die uitbeelding van God in hulle lewe deur middel van modelle, word die lidmate se losbandigheid 'n intieme, persoonlike verhouding met God

Wat sien en beleef die lidmate in die beeld van die goue bul? Dit wat hulle sien en beleef, wys uit hulle optrede voor die bul: *“⁶ Vroeg die volgende môre het die volk brandoffers en maaltydoffers geoffer. Daarna het die volk begin feesvier en losbandig te kere gegaan.”* Hierdie “losbandig te kere gaan” beteken dat hulle rondom die beeld gedrink en seks met mekaar gehad het. Hierdie gebruik van Israel word tempel-prostitusie genoem en was die jare deel van hulle aanbidding van beelde. (Hosea 4:9-14)

Ons kan dit net verstaan as ons onthou dat hulle nie kameras, video's of rekenaars gehad het nie. Ook dat hulle gevoel vir lewe anders was as ons gevoel vir lewe.

Vir hulle was die gevoel van lewe iets wat hulle in die prentjie van 'n bul raak gesien het.

'n Bul was die krag wat gemaak het dat daar baie versies gebore word. Baie beeste beteken baie melk en vleis. Baie melk en vleis beteken gesondheid, vrugbaarheid en geluk! As hulle so na 'n bul kyk, is dit wat hulle voel en ervaar: ware lewe en geluk in oorfloed! Daarom vier hulle fees.

Dit is dieselfde gevoel wat ons vandag kry as ons na 'n prentjie van 'n jong en mooi geboude man of vrou in swemklere, of amper geen klere, op TV kyk. Die gevoel van gesondheid, geluk en vrugbaarheid in jou eie seksuele krag! Dit is ook dieselfde gevoel wat ons kry as ons na prentjies van modieuse mans en beeldskone vroue by luukse karre of eksotiese eilande kyk!

Ons kyk nie meer na bulle nie. Ons kyk na prentjies van modelle. Net soos in die besigheidswêreld, kry 'n mens in die godsdiens vandag ook modelle. Dit is mense wat 'n prentjie van God uitbeeld in hulle lewe en lewensverhale. In hierdie modelle se lewe word God se krag sigbaar voorgehou. Hierdie moderne uitbeeldings van God noem hulleself: God se getuies. Hulle getuig deur God in hulle lewe vir ander mense uit te beeld.

Die Verbondsreeks Les13 Die sondaar se persoonlike intieme verhouding met God: God is die mens se bondgenoot in sy sonde.

Dit is waar sondaars God wil sien en voel: in hierdie gevoel wat mense in uitbeeldings van mekaar kry. In hierdie modelle van krag, geluk, fiksheid, seksuele aantreklikheid, rykdom en plesier, word God se krag gesien en ervaar. Mense wil nie God sien en ervaar in die krag en mag waarmee Hy sy skepping regeer en ons van ons sonde verlos deur sy genadeverbond nie.

Hierdie alternatiewe ervaring van God in modelle word vandag genoem: “’n intiem persoonlike verhouding met God”.

6. God is vasgebind aan – ’n lekker verhouding!

Waarom bind hierdie intiem persoonlike verhouding God vas? God is gebind aan sondaars se begeertes na geld, plesier, geluk, seks en mag. Godsdien moet vir hulle ’n fees wees! God moet die fees van sonde voorsien. God is die sondaar se bondgenoot in hierdie fees! Dit is die lekker verhouding met God.

7. Oefening

1. Gaan kyk of julle op TV, op die radio, in eredienste of godsdienstige kampe al hierdie alternatiewe band gesien het: atlete, rugbyspelers, politieke leiers, skoonheidskoninginne en rykes wat voorhou dat God in hulle lewe is en dat jy God in hulle lewe moet raaksien?
2. Waarom dink jy gaan hierdie modelle jou bind: aan God se genadeverbond of aan hulle sondige begeertes, so asof dit godsdien is?
3. Kyk of julle die uitdrukkings kan hoor: “Godsdien is ’n fees!”, “Godsdien moet ’n fees wees!”, “Godsdien moet lekker wees!”
4. Waarin moet ons God raaksien: in die krag en mag van sy genadeverbond, of in die lewe van modelle wat God uitbeeld?